

Vrydag 8 Maart

Skrifgedeelte: Josua 7:1-26

Fokusgedeelte: Josua 7:25

God oordeel volgens sy waarskuwings!

Ná die oorwinning oor Jerigo volg die teleurstelling van Ai. Die verkenners beveel aan dat minder manne die stad moet aanval. Dit sou maklik wees. Maar die manskappe word verneder en moes vlug; 36 word doodgemaak.

“Waarom, Here?” vra Josua. Hy verwyf byna: “Here, wat moet ek sê nou dat Israel vir sy vyande moes vlug?” (7:8). Hy en die leiers lê gesig in die grond, met geskeurde klere en stof op die hoof voor die ark van God. Die volk se moed was gebreek.

God antwoord: Ek doen my geloftewoord gestand! Hy het gewaarsku dat die heidense stede met die banvloek getref moes word. Alles moes vernietig word, maar een man oortree die verbondseis. Akan se gierigheid vir silwer en goud verontreinig nie net hom en sy familie nie, maar die hele volk. Wie ongehoorsaam is, sal die vloek van God moet dra.

Die Here HERE het sy verbond duidelik uitgespel. Moses het dit voor die intog in Kanaän aan die volk herhaal. “Om die Here jou God lief te hê, Hom te gehoorsaam en Hom aan te hang, sal vir jou lewe gee” (Deut. 30:20). Ongehoorsaamheid bring die dood.

Op God se bevel word die skuldige familie en persoon uitgewys – Akan. Die bewyse van gesteelde bangoed bevestig sy skuld. Die onreinheid moet uitgewis word. Hy en sy hele familie word doodgemaak en verbrand, asook al sy besittings. Met klippe toegegooi.

Met selfondersoek vind ons soos by Akan ongehoorsaamheid. Ons begeertes vir materiële welvaart is dikwels ’n struikelblok. Nie vertrou op God se sorg nie, maar selfhandhawing op sondige wyse. Soos Akan se mense, moes ons gedood word. Ons Middelaar word aan die kruis gespyker. Die skuldbrief vir ons sonde word afgelos (Kol. 2:14). Daar is vergifnis en lewe vir elke berouvolle sondaar. Maar buite Christus wag die dood.

Sing: Psalm 94-2:1, 6

Dr. WC Opperman (Callie) (Emeritus)